

ERFOPVOLGING VIR 'N BOERDERY

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

BTW EN ERFOPVOLGING

Die gevolge wat BTW het wanneer bates in lewe of tydens afsterwe na erfopvolgers oorgedra word sal uiteraard van geval tot geval wissel. BTW het 'n direkte impak op die erflater se boedel wanneer die bates wat oorgedra word aan BTW onderhewig is. Daar is ook 'n indirekte impak wanneer die koste van die administrasie om die erfplating te laat plaasvind, soos eksekuteursfooie, ook aan BTW onderhewig is.

Die **onderhawigheid** aan BTW gaan afhang of die erflater vir BTW geregistreer was of nie. Die finale **impak** van BTW op die erfopvolgingsproses sal afhang of die erfopvolgers vir BTW geregistreer is of nie.

Erflater

Vanuit 'n BTW-oogpunt is daar vier moontlike situasies wat kan voorkom wanneer 'n boedel vanaf die erflater na die erfopvolger oorgedra word:

- Die erflater was vir BTW geregistreer;
- Die erflater was nie vir BTW geregistreer nie maar was aanspreeklik om wel vir BTW te registreer;
- Die erflater was nie vir BTW geregistreer nie en was ook nie aanspreeklik om vir BTW te registreer nie maar sy boedel is wel aanspreeklik om vir BTW te registreer;
- Die erflater was nie vir BTW geregistreer nie en was ook nie aanspreeklik om vir BTW te registreer nie en sy boedel is ook nie aanspreeklik om vir BTW te registreer nie.

Die rede vir bogenoemde vier situasies is omdat die BTW-wet bepaal dat 'n onderneming aanspreeklik raak om vir BTW te registreer wanneer sy omset meer as R300,000.00 per jaar beloop. Die R300,000.00 perk is net van toepassing op die verkoop van produkte en sluit nie die verkoop van bates in nie.

Daar word ook verder bepaal dat 'n onderneming vrywillig vir BTW kan registreer wanneer sy omset meer as R20,000.00 per jaar beloop. Hierdie omset-grense kan dus 'n rol speel by die aanspreeklikheid om vir BTW te registreer.

Wanneer die erflater reeds vir BTW geregistreer is, is die oordrag van die bates na sy erfgename aan BTW onderhewig. Wanneer 'n verkoper vir BTW geregistreer is moet hy BTW op sy verkope (bates en ook produkte) vorder indien die BTW-wet dit nie uitdruklik uitsluit nie. Hierdie uitset-BTW moet dan teen sy inset-BTW verreken word en aan SARS oorbetaal word. Dit geld dan ook vir boedels.

Wanneer daar by afsterwe vasgestel word dat die erflater nie vir BTW geregistreer was nie terwyl sy omset meer as R300,000.00 vir die voorafgaande twaalf maande was, moet sy boedel eers vir BTW

geregistreer word en BTW op die oordrag van die bates na die erfgename gehef word. Die BTW word bereken op die waardes waarteen dit vir die Likwidasië- en Distribusierekening gewaardeer word.

Daar kan ook gevalle wees waar die persoon in lewe nie verplig was om vir BTW te registreer nie maar dat die boedel na sy dood in produksie bly en 'n omset van meer as R300,000.00 vir 'n periode van twaalf maande realiseer. In sulke gevalle sal die boedel ook verplig word om vir BTW te registreer en sal die oordrag van bates uit so 'n boedel aan uitset-BTW onderhewig wees. Die erflater, in lewe of na afsterwe, kan dus aanspreeklik raak om vir BTW te registreer, indien hy nie reeds geregistreer was nie. Dit kan nadelige gevolge vir die erfopvolgingsplan hê.

Klassifikasie van bates

Nie alle bates is noodwendig aan BTW onderhewig nie al is die erflater aanspreeklik vir BTW. Slegs die bates wat in die BTW-onderneming vir die voortbrenging van omset aangewend is, sal aan BTW onderhewig wees wanneer die bates na die erfgename oorgedra word. Dit sal bates soos die volgende insluit:

- Besigheidspersone (plase ingesluit) wat in die erflater se naam geregistreer was;
- Lewende hawe;
- Ander voorraad soos graan, veeprodukte, onderdele en gebruiksitens,

Bates wat nie deel van die onderneming was nie sal nie by oordrag aan BTW onderhewig wees nie. Dit sal bates insluit soos:

- Privaat woonhuise;
- Huishoudelike meubels en toebehore;
- Private voertuie soos motors, karavane of bote;
- Bates wat vir stokperdjies aangewend word;
- Opbrengs van lewenspolisse;
- Belange in BK's en maatskappye;
- Beleggings.

Passasiersmotors, waarby dubbelkajuit bakkies ingesluit is, word uitdruklik deur die BTW-wet uitgesluit en geen BTW is by die herverkoop hiervan betaalbaar nie.

Erfgenaam

Dieselfde reëls vir BTW-registrasie is op die erfgenaam van toepassing. Hy kan ook vrywillig vir BTW registreer as sy omset minder as R300,000.00 per jaar is maar meer as R20,000.00. Verder is hy verplig om vir BTW te registreer as sy omset meer as R300,000.00 vir 'n tydperk van twaalf maande is.

Bates wat vanaf die erflater na die erfgename oorgedra word terwyl hy nog lewe sal dus volgens normale BTW-reëlings aan BTW onderhewig wees asof daar 'n gewone koop/verkoop transaksie plaasgevind het. Indien die bates weer deur die erfopvolger in 'n onderneming aangewend gaan word, is dit dus voordelig as die erfgenaam vir BTW geregistreer is sodat die uitset-BTW wat deur die erflater gevorder moet word deur die erfgenaam as 'n inset-BTW teruggeëis kan word. Onder sekere vereistes kan die totale boerdery in sulke gevalle selfs as 'n lopende saak oorgedra word sonder dat daar enige BTW-implikasies is. Indien sulke bates egter na die dogter wat in die stad woon oorgedra word, kan sy in meeste gevalle nie die BTW-terugeis nie en sal die BTW deur die erflater of sy boedel oorbetal moet word sonder dat daar 'n inset-BTW deur die erfgenaam verreken kan word.

Ondernemingsvorme

Die belang van 'n erflater in 'n maatskappy, BK of trust is nie aan BTW onderhewig nie. As die boer se plaas dus in 'n BK gehou word, word die plaas nie na die erfgenaam oorgedra nie maar slegs die erflater se ledebelang in die BK. Die plaas bly die eiendom van die BK en verwissel nie hande nie. In sulke gevalle is daar geen BTW-implikasie by die erfopvolging nie. Die gebruik van alternatiewe ondernemingsvorme kan dus ook gebruik word om die implikasies van BTW uit te skakel.

Slotsom

BTW het beslis 'n impak op die oordrag van bates vanaf die erflater direk na sy erfgename of deur sy boedel. Die BTW-implikasies kan versag word wanneer die bates in lewe na die erfgename oorgedra word én die erfgename dan ook vir BTW geregistreer is. Hoewel die erflater uitset-BTW moet vorder, kan die erfgenaam dit as 'n inset terugeis en kan daar dus 'n interne verrekening tussen vader en seun as erflater en erfgenaam gedoen word. BTW in Suid-Afrika beloop tans 14% en dit beteken dat die erflater se boedel met 'n aansienlike bedrag verklein kan word as die BTW op die BTW-draende bates nie op 'n manier teruggeëis kan word nie.

BETHLEHEM

April 2004